Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# Bylaag B

**Postitel:** Leraar (Onbepaalde termyn)

**Posbekleër:** .................

Mei 2024

## Doel van die Pos

- Die posbekleër word aangestel as predikant van die NG Gemeente Hottentots-Holland.
- As bedienaar van die Woord is die predikant verantwoordelik vir alle pligte soos omvat in Artikel 9 van die Kerkorde. Die volgende 3 artikels verwys:
  Artikel 9.1 Die amp van die predikant fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes.
  Artikel 9.2 Die predikant is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy/haar lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.
  Artikel 9.3 Die predikant funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.wy
- Die Predikant is saam met sy/haar kollega verantwoordelik om die gemeente in die realisering van die visie en bedieningsplan van ons gemeente te lei.
- Die bedieningsplan van ons gemeente as Familiekerk word ondersteun deur aktiewe betrokkenheid van toegeruste gemeentelede in diensgroepe en bedieninge, as deel van die uitlewing van ons dissipelskap van Jesus binne die gemeente, maar ook in die gemeenskap.

Die verantwoordelikhede en posvereistes hieronder, beskryf die aanvullende pligte en verantwoordelikhede soos in Artikel 9.4 na verwys, en waarvoor die predikant saam met die ander ampte verantwoordelik is.

| Verantwoordelikhede | | Prestasievereistes |
|---|---|---|
| **1. Eredienste** | • Voorbereiding van preke en beplanning van erediens as geheel.<br>• Beskikbaar en voorbereid om ooreengekome eredienste te lei. | • Woordgetroue, aktuele prediking tot opbou en vertroosting van die gemeente.<br>• Inspirerende prediking wat aanpas by behoeftes van verskillende teikengehore.<br>• Groei in lewenskragtigheid en dissipelskap van lidmate. |
| **2. Opbou van die gemeente - Jeug en Familie** | • Deurlopende ontwikkeling en uitbou van 'n lewenskragtige jeug- en familiebediening in die gemeente, insluitend kategese, funkies, kampe, ens.<br>• Motivering en toerusting van kategete. | • 'n Lewenskragtige jeugbediening en jeugleier-korps wat dit vir gemeente-lede, maar veral vir gesinne met kinders, hul ware geloofstuiste maak.<br>• Doeltreffende kategese vir kinders en belydenisklas.<br>• 'n Lewenskragatige jongmensbediening vir studerende en werkende jongmense |
| **3. Opbou van die gemeente – Seniors en ander lidmate** | • Deurlopende ontwikkeling en uitbou van 'n dinamiese bejaardebediening in die gemeente (wat insluit gereelde besoeke, Bybelstudies, uitstappies, ens) | • Gereelde besoeke aan afgetredenes en bejaardes asook hospitaalbesoeke, wat hulle steeds volwaardig deel van die gemeente laat voel.<br>• Gereelde sosiale en ander geleenthede vir seniors wat goed bygewoon word. |
| **4. Opbou van die gemeente – Ander bedieninge** (Pastorale sorg, nuwe intrekkers, gasvryheid en ander bedieninge) | • Pastorale sorg aan lidmate (wat insluit bystand in tye van krisisse, huweliks-begeleiding, sterwensbegeleiding, ens.<br>• 'n Toegewyde nuwe intrekker bediening.<br>• 'n Gasvryheidsbediening wat spontane "saamkuier" van gemeentelede bevorder.<br>• Aktiewe ander bedieninge soos gasvryheid, manne-, vroue- en enkellopendes bediening, ens. | • Tydige beskikbaarheid vir pastorale sorg aan lidmate.<br>• 'n Nuwe intrekker bediening wat spoedige kontak met nuwe Intrekker-gesinne verseker, om hulle sodoende deel van ons gemeente te maak.<br>• Voortdurende bewustheid, leiding en opvolging van die stand en funksionering van bedieninge, indentifisering van behoeftes en leemtes wat aandag benodig. |

| | | |
|---|---|---|
| **5. Onderrig en toerusting van gemeentelede in hul dienswerk** | • Onderrig, toerusting en leiding aan diensgroepe vir suksesvolle selfstandige funksionering en bereiking van doelwitte.<br>• Deurlopende opvolging van diensgroep aktiwiteite en vordering<br>• Fokus om lidmate in spesifieke groepe deel van bedienings te maak | • Bewusmaking van diensgroep-aktiwiteite en aanmoediging wat gemeentelede entoesiasties maak om betrokke te raak.<br>• Doeltreffende leiding, motivering en opvolging van diensgroepe om selfstandig en suksesvolle funksionering te verseker. |
| **6. Gemeente se dienswerk in die wêreld** | • Lei en motiveer die gemeente tot aktiewe betrokkenheid by die gemeenskap.<br>• Motiveer en begelei van gemeente-lede t.o.v. hul breë getuienistaak. | • Aktiewe, leiding en aanmoediging van gemeentelede wat lei tot gemeenskaps-betrokkenheid en aktiewe deelname aan gemeenkapsprojekte.<br>• Begeleiding van gemeentelede tot geestelike groei en volwassenheid. |
| **7. Leiding en organisering van die gemeente** | • Deurlopende nadenke oor beplanning van gemeentelike bediening.<br>• Begeleiding en toerusting van gemeente in uitleef van ons visie.<br>• Neem leiding met gemeente se jaarbeplanning en -program.<br>• Behartig administrasie en personeelsake.<br>• Hantering van tugsake soos voorgeskryf. | • Visionêre leierskap, kommunikasie en motivering van gemeente.<br>• Doeltreffende beplanning, organisering en samewerking binne spanverband.<br>• Doeltreffende bestuur en leiding aan kantoorpersoneel .<br>• Doeltreffende gemeente administrasie, kontrole en opvolgstelsels. |
| **8. Voort-durende ontwikkeling van bedienings-vaardighede** | • Selfontwikkeling en voortgesette heropleiding en ontwikkeling van bedieningsvaardighede.<br>• Benut geleenthede tot behoud van 'n gesonde gees/liggaam. | • Behoud en uitbou van eie bedieningsvaardighede, d.m.v. deurlopende selfontwikkeling en geloofstoerusting.<br>• Benutting van geleenthede vir eie tyd en persoonlike ontwikkeling. |

## Advertensie - Leraarsvakature

**VAKATURE**

# LERAAR

NG Familiekerk
Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

NG Hottentots-Holland Familiekerk is aan die voet van Helderberg in die dorp Somerset-Wes, in die Helderberg-kom geleë. Weens die aftrede van een van ons leraars, sal 'n vakante onbepaalde termyn leraarspos vanaf 1 April 2026 beskikbaar wees. In ooreenstemming met Algemene Sinode riglyne bied ons 'n vergoedingspakket aan,wat 'n behuisingstoelaag insluit.

Hottentots-Holland gemeente nooi predikante wat met oorgawe en inspirasie van die Heilige Gees wil saamwerk om ons Familiekerk se toekoms te bou. By ons is kerk nie net 'n plek van aanbidding nie, maar 'n tuiste waar mense hulself kan wees, saam kan groei in geloof, en hoop kan vind te midde van die uitdagings van die lewe. As jy geroepe voel om jou gawes en passie hier uit te leef en saam met ons nuwe paaie te ontdek, nooi ons jou hartlik uit om aansoek te doen. Stap saam met ons die pad vorentoe – onder die leiding van die Heilige Gees.

### SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE POS

Aansluitend tot die vereistes van Artikel 9 van die Kerkorde, bestaan ons Familiekerk se sleutel bedieningsverantwoordelikhede uit die volgende:

- Om lidmate van alle ouderdomme deur Woordgetroue, inspirerende en aktuele eredienste toe te rus.
- Om 'n lewenskragtige jeug- en familiebediening uit te bou.
- Om deur 'n toegewyde bejaardebediening, senior lidmate steeds volwaardig deel van ons gemeente te maak.
- Om die betrokkenheid van gemeentelede in 'n verskeidenheid van diensgroepe, met entoesiasme aan te moedig en te ondersteun
- Om ons gemeente se betrokkenheid in die breër gemeenskap uit te bou

**'N POSBESKRYWING VIR HIERDIE POS, ASOOK MEER INLIGTING OOR ONS FAMILIEKERK, IS BESKIKBAAR OP ONS WEBTUISTE: WWW.NGHOTTENTOTSHOLLAND.CO.ZA**

**STUUR JOU CV MET VERWYSINGS VOOR 31 NOVEMBER NA:**
admin@nghottentotsholland.co.za